## DEPARTMENT OF SPORTS, ARTS AND CULTURE

**NO. 4106** **24 November 2023**

BUREAU OF HERALDRY

APPLICATION FOR REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND OBJECTIONS THERETO

SECTIONS 7, 7A AND 7B OF THE HERALDRY ACT, 1962 (ACT NO. 18 OF 1962)

The under-mentioned bodies and persons have applied in terms of section 7 of the Heraldry Act, 1962 (Act No. 18 of 1962), for the registration of their heraldic representations. Anyone wishing to object to the registration of these heraldic representations on the grounds that such registrations will encroach upon rights to which he or she is legally entitled should do so within one month of the date of publication of this notice upon a form obtainable from the State Herald, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

1. APPLICANT: **Higher Technical School Tom Naudé** (H4/3/1/1728)

First Registration:

Notice of Application: Government Notice No. 497 in Government Gazette No. 1180 of 9 April 1965.

Notice of Registration: Government Notice No. 1088 in Government Gazette No. 1185 of 23 July 1965.

ARMS: Azure, a fess Argent, over all, statant upon a mount in base Or, a tower Gules, masoned Argent, issuant from its upper end an arm Argent, vested Gules, holding in the hand a staff fesswise, with hanging pennant to sinister, Argent. The shield is flanked, on both sides, of an open laurel wreath Or, and ensigned of a wreath of Or and Azure, there-upon an open book Argent, edged Sable with place-marker Or. Motto: LABOR OMNIA VINCIT

2. APPLICANT: **Laerskool Pietersburg-Oos** (H4/3/1/4159)

ARMS: Per pale Tenne and Vert; a double-warded key in pale Argent. Motto: GLO EN BOU

3. APPLICANT: **Dumisani Dumekhaya Tabata (H4/3/4/970)**

ARMS: Argent, a barrulet wavy Azure, between in chief an aloe issuant proper, and in base two quill pens in saltire Argent, shafts, and nibs Or, ensigned of a Delta symbol, charged there-within of another, Sable. The shield is flanked on either side of an elephant tusk inverted proper, the lower part enfiled of a facetted ring Or. The shield is ensigned of a mound Vert, thereupon the headdress of a vanguard warrior of a Xhosa or Thembu man namely a leather headdress Brunatré, the fore-head part embellished of porcupine quills couped proper, issuant from either side the wings of a blue crane (*Anthropoides paradiseus*) erect proper.

4. APPLICANT: **Werner van Zyl Gouws** (H4/3/4/1061)

ARMS: Quarterly, the horizontal division line dexter embattled and sinister wavy, in chief dexter Sable, a Huguenot cross Or, sinister Argent, three crosslets palewise Sable, and in base, dexter Argent, three bars Sable, sinister Sable, in saltire, a sword Argent, and key, wards to base, Or. CREST: An owl statant guardant proper, holding in its dexter claw a parchment roll Or. WREATH AND MANTLING: Sable and Or. MOTTO: SOLI DEO GLORIA

5. APPLICANT: **Lloyd Jason Clark** (H4/3/4/1064)

ARMS: Argent, a chevron cotticed Azure, masoned of the first, between in chief dexter a trowel and sinister a vernier proper, and in base the head and neck of a dragon Azure, langued Sable; upon a chief Azure, a cross paty crenelled Azure, edged Argent, between two heraldic roses Or, barbed Vert, seeded Sable and Or. CREST: In front of the composite leaf of a Mimosa tree (*Albizia julibrissin*), a crucifix proper. WREATH AND MANTLING: Azure and Argent. MOTTO: FORTITUDO

6. APPLICANT: **Maloko Lucky Dinake** (H4/3/4/1065)

ARMS: Per pale Azure and Vert, over the partition line a chalice ensigned of a Bowen knot, between two elephant tusks inverted, all Argent. CREST: Issuant from a vine of ivy leaves, four elephant tusks inverted, alternated with two spears proper, and in the centre a quill pen palewise Azure. WREATH AND MANTLING: Dexter: Azure and Argent; Sinister Vert and Argent. MOTTO: EGO EIMI

7. APPLICANT: **Olivier George Serrao** (H4/3/4/1067)

ARMS: Gyronny of sixteen Or and Purpure; upon a chief embattle Sable, a chevronel couped, debruised of an open laurel wreath Or, between two pillars Argent.

## DEPARTEMENT VAN SPORT, KUNS EN KULTUUR

**NO. 4106** **24 November 2023**

BURO VIR HERALDIEK

AANSOEK OM REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN BESWARE DAARTEEN

ARTIKELS 7, 7A EN 7B VAN DIE HERALDIEKWET, 1962 (WET NO. 18 VAN 1962)

Ondergenoemde instansies en persone het kragtens artikel 7 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet No. 18 van 1962), aansoek gedoen om die registrasie van hulle heraldiese voorstellings. Enigeen wat teen die registrasie van hierdie heraldiese voorstellings beswaar wil aanteken op grond daarvan dat sodanige registrasie inbreuk sal maak op regte wat hom of haar wettiglik toekom, moet dit binne een maand na die datum van publikasie van hierdie kennisgewing doen op 'n vorm wat van die Staatsheraldikus, Privaat Sak X236, Pretoria, 0001, verkrygbaar is.

1. AANSOEKER: **Hoër Tegniese Skool Tom Naudé** (H4/3/1/1728)
Eerste Registrasie:
Aansoek: Goewermentskennisgewing No. 497 in Staatskoerant No. 1180 van 9 April 1965.
Registrasie: Goewermentskennisgewing No. 1088 in Staatskoerant No. 1185 van 23 Julie 1965.
WAPEN: In blou, 'n silwer dwarsbalk, oor alles heen, staande op 'n goue grond 'n rooi toring, silwer gemessel, uitkomend uit die bo-kant 'n silwer arm, rooi geklee, in die hand 'n dwarsbalksgewys geplaaste staf met hangende wimpel na links, van silwer. Die skild is aan beide kante geflank van 'n goue lourierkrans en oortop van 'n wrong van goud en blou, daarop 'n oop silwer boek, swart gebind, met goue plekhouer. Wapenspreuk: LABOR OMNIA VINCIT

2. AANSOEKER: **Laerskool Pietersburg-Oos** (H4/3/1/4159)
WAPEN: Paalsgewys van oranje en groen; 'n dubbelgebaarde paalsgewys geplaaste silwer sleutel. Wapenspreuk: GLO EN BOU

3. AANSOEKER: **Dumisani Dumekhaya Tabata** (H4/3/4/970)
WAPEN: In silwer 'n golwende blou streepbalk, tussen in die skildhoof 'n uitkomende aalwyn van natuurlike kleur en in die skildvoet twee skuinsgekruiste silwer veerpenne, goud geskag en gepunt, daarbo 'n Delta simbool, belaai daarbinne van 'n ander, albei van swart. Die skild is aan beide kante gevlank van 'n omgekeerde olifanttand, van natuurlike kleur, die onderste gedeelte omring van 'n gefasetteerde goue ring. Die skild is oortop van 'n groen grond, daarop die kryger hooftooisel van die voorwaartse stryders van 'n Xhosa of Thembu man, naamlik 'n bruin leer hooftooisel die voorhoof gedeelte versier van afgesnyde ystervark penne van natuurlike kleur, en uitkomend uit die sykante, aan weerskante, die regop geplaaste vlerke van 'n bloukraanvoël (*Anthropoides paradiseus*) van natuurlike kleur.

4. AANSOEKER: **Werner van Zyl Gouws** (H4/3/4/1061)
WAPEN: Gevierendeel die horisontale snylyn regs gekanteel en links golwend; in die skildhoof regs in swart 'n goue Hugenote-kruis, links, in silwer drie paalsgewys geplaaste afgesnede krusies van swart en in die skildvoet regs in silwer drie swart dwarsbalke en links in swart 'n skuinsgekruiste silwer swaard en goue sleutel

baard na benede. HELMTEKEN: 'n Staande aansiende uil wat in sy regterkou 'n goue perkament rol vashou. WRONG EN DEKKLEDE: Swart en goud. WAPENSPREUK: SOLI DEO GLORIA

5. AANSOEKER: **Lloyd Jason Clark** (H4/3/4/1064)

WAPEN: In silwer 'n geribde blou keper silwer gemessel, tussen in die skildhoof regs 'n troffel en links 'n skuifpasser van natuurlike kleur, en in die skildvoet die kop en nek van 'n blou draak, swart getong; op 'n blou skildhoof 'n breedarmige kanteelgekeepte blou kruis, silwer gerand, tussen twee goue heraldiese rose, groen gepunt en swart en goud gesaad. HELMTEKEN: Voor die saamgestelde blaar van 'n Mimosaboom (*Albizia julibrissin*), 'n kruisbeeld, alles van natuurlike kleur. WRONG EN DEKKLEDE: Blou en silwer. WAPENSPREUK: FORTITUDO

6. AANSOEKER: **Maloko Lucky Dinake** (H4/3/4/1065)

WAPEN: Gedeel van blou en groen, oor die verdelingslyn heen 'n drinkbeker oortop van 'n Bowen-knoop tussen twee omgekeerde olifanttande, alles silwer. HELMTEKEN: Uitkomend uit 'n klimoprank, vier omgekeerde olifanttande, afgewissel van twee spiese van natuurlike kleur, en in die middel 'n paalsgewys geplaaste blou veerpen. WRONG EN DEKKLEDE: Regs: Blou en silwer, Links: Groen en silwer. WAPENSPREUK: EGO EIMI

7. AANSOEKER: **Olivier George Serrao** (H4/3/4/1067)

WAPEN: Gegeer van sestien van goud en purper; op 'n gekanteelde swart skildhoof 'n afgesnede streepkeper, daaroorheen 'n oop lourierkrans van goud, tussen twee silwer pilare.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
|   1 |  2 |  3 |   4 |  5 |
|  6 |   7 | | | |